HOËRSKOOL BONNIEVALE
NUUSBRIEF

23 Februarie 2024

OMSENDBRIEF 6/2024

Geagte ouers, leerders en Bonnievalers

1. **Redenaars:** Die eerste rondte van die laerskoolredenaars het op Donderdag 22 Februarie in die klubhuis plaasgevind. Ses leerders het deelgeneem, twee juniors (gr. 4) en vier seniors (gr. 7). Dit was 'n heerlike aand en pragtig om te sien hoe die Bonnies woeker met hulle talente. Dit is goed om te sien hoe die leerders se selfvertroue groei én hoe hulle hulself in hul toesprake uitleef. Die tweede rondte vind in die derde kwartaal plaas, wanneer die wenners aangekondig sal word. Ons hoop om sommer nog meer leerders daar te sien. Ons moedig alle ouers aan om na die redenaars te kom kyk.

2. **Engelsolimpiade:** Die nasionale Senior Engelsolimpiade vind op 5 Maart plaas. Die graad 11's en 12's wat gaan deelneem is Kyreh-Lee Davids, Mukelani Dube, Monville Minnaar, Lindsay Papa, Dalicia Manho en Chanelle Slingers. Sterkte met jul voorbereiding en deelname!

3. **Krieket:** HS Robertson het gister eerste gekolf teen ons o.19A-span en 166 lopies aangeteken. HS Bonnievale kon 115 lopies aanteken in hul kolfbeurt en verloor dus met 51 lopies. Die speler van die wedstryd is **Keenen Vollenhoven**, met 43 lopies. Mooi so, Keenen!

4. **Waarskuwing:** Ouers wie se nuutste rekeninge nie teen einde Februarie betaal is nie, sal in Maart voor die Skoolbeheerliggaam verskyn om die redes vir hul wanbetaling aan te voer. Ons vra ook dat, as u bewus is van ouers wat op 'n oneerlike manier vir kwytskelding gekwalifiseer het terwyl hulle eintlik 'n goeie inkomste verdien, dit onmiddellik by die skool aan te meld sodat ons dit vir die polisie kan deurgee.

5. **SBL-verkiesing:** Hierdie jaar moet 'n verkiesing van ouerlede vir die Skoolbeheerliggaam plaasvind. Aangeheg by hierdie omsendbrief is "Aanhangsel A – Kennisgewing van Benoemingsbevestigingsvergadering en Verkiesing" wat alle belangrike datums en inligting bevat, asook "Aanhangsel B – Benoemingsvorm" waarmee ouers genomineer kan word om op die SBL te dien. 'n Harde kopie is ook vandag aan elke leerder in die skool uitgedeel met die opdrag om dit aan hul ouers te oorhandig. Beide aanhangsels kan ook afgelaai word by https://hsbonnievale.co.za/skoolbeheerliggaam/ en ekstra nominasievorms kan ook by die kantoor afgehaal word. Alle nominasievorms moet by die skool se kantoor ingehandig word **voor 4 Maart 2024 om 13:00.** Die kennisgewing (Aanhangsel A) is teen Spar en Multisave se kennisgewingborde ook aangebring. Die kieserslys was van verlede Vrydag af by die skool beskikbaar vir kontrole deur ouers en is vandag gefinaliseer. Geen veranderinge mag nou meer aan die kieserslys gemaak word nie. Ouers wie se name nie op die kieserslys verskyn nie, mag ongelukkig nie aan die stemming deelneem nie.

6. **WhatsApp:** Sorg asseblief dat u kind se registeronderwyser en die skool altyd u nuutste selfoonnommer het sodat u op hoogte gehou kan word. Gebruik ook gerus WhatsApp om die kantoor te kontak by 060 546 5247.

7. **Aktiwiteite:** Die volgende datums is belangrik:

Sa. 24 Feb.	Laerskole Boland Atletiekkampioenskappe te Paarl Mini-krieket te Worcester Primêr Boland Tweekampkampioenskappe te Wellington
Ma. 26 Feb.	Tennis: Laerskool vs. Swellendam (weg) SBL Finansiële Komitee vergader 16:00
Di. 27 Feb.	SBL-vergadering O.13-krieketproewe
Wo. 28 Feb.	Laerskool: Swemgala te Swellendam O.13-krieket vs. Swellendam (tuis) VRL-bal te Paul Roos Gimnasium
Do. 29 Feb.	NSRI besoek laerskoolleerders O.19-krieket vs. Hexvallei (weg)
Vr. 1 Mrt.	Hoërskole Boland Atletiekkampioenskappe
Sa. 2 Mrt.	Hopefield Sportdag (Netbal o.14A, -16A en -19A) Mini-krieket te Kouebokkeveld Hoërskole Boland Atletiekkampioenskappe
Sa. 3 Mrt.	Laser Run-byeenkoms (tuis)
Ma. 4 Mrt.	Juf. Suzaan Jordaan verjaar Ouernominasies vir SBL-verkiesing sluit 13:00
Di. 5 Mrt.	Ouernominasiebevestigingsvergadering vir SBL-verkiesing 15:30 (Genomineerdes mag bywoon, maar bywoning is nie verpligtend nie)
Wo. 6 Mrt.	O.13-krieket vs. Buffeljags (tuis)
Do. 7 Mrt.	HS Bonnievale Opedag
Vr. 8 Mrt.	Laerskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl Robertson Swemgala Tennis: Grondslagfase vs. Rûens Kollege
Sa. 9 Mrt.	Laerskole Wes-Kaap Atletiekkampioenskappe te Paarl
So. 10 Mrt.	Laser Run Wes-Kaap Kampioenskappe (tuis)

Vriendelike groete vanuit die kantoor.

S. Prins
Skoolhoof

"Dissipline is die vermoë om jouself te forseer om iets te doen, ten spyte van hoe jy voel, oor en oor, totdat dit 'n gewoonte raak."

- *Kim Brenneman (Skrywer)*